

20 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 19:1-15

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 2

God openbaar Hom in sy Woord

Openbaring vra vernedering. God verneder homself deur sy volmaakte heerlikheid in die onvolmaaktheid van mensetaal te beskrywe. Ook van die mens vra die openbaring vernedering. Mense moet hulle eie idees oor God uitvee. Uit onself het ons geen kennis oor God nie. Wie die openbaring as openbaring erken laat hom in nederigheid daardeur leer (vers 12).

Die vernedering lê uiteindelik ook daarin dat jy, die kroon van God se skepping, wegdraai van die pragtige, kleurryke en dinamiese natuur as primêre bron van kennis oor God. Vir 'n duideliker en volkomer openbaring moet jy jou afsonder in stil binnekamers, jou in stowwerige biblioteke omring met die muf reuk van boeke en tot in die nanag buig oor die swart en wit van manuskripte. Vir goud moet 'n mens in die stof grawe, vir heuning die gevare van angels trotseer (vers 11).

Dit is alles die gevolg van die doofheid wat die sonde gebring het. Die boodskap in die natuur het onhoorbaar geword (vers 4). Ons doofheid vra om remediëring. God doen dit deur sy Woord. Hy remedieer jou omdat Hy deur jou geken WIL word en lewe, wysheid, blydschap, insig en vastigheid in jou lewe wil terugbring (vers 8-10).

Onder die terapie van sy Woord en Gees herstel God ons doofheid geleidelik. Uiteindelik verstaan ons weer daardie woord wat die een dag in die volgende dag se oor fluister (vers 3). Dié woord is LIEFDE! Liefde is die onhoorbare stem wat oor die hele skepping klink. In liefde het God geskape, onderhou Hy, regeer Hy en herskep Hy deur sy Seun. "Liefde," sê elke nuwe blaartjie, "liefde," getuig elke reëndruppel, "liefde," fluister die stilte van elke nag. Hierdie liefde is die geheim van die lewe, dit vervul die hele wet, dit is kosbaarder as goud en soeter as heuning (vers 11).

God het jou lief! Hoor vandag weer hierdie woord! Laat dit jou inspireer soos die son! Gaan soos 'n held uit jou slaapkamer uit (vers 6 (OAV))!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~